**GRYP JOU VERLOSSING AAN MET VREUGDE EN BLYDSKAP**

**Lees: Lukas 15: 11 – 32          Lukas 15: 24, 32**

Bekering vind plaas wanneer daar 'n hartsverandering en 'n gesindheidsverandering in mense se lewens plaasvind. Dit word vanuit die Bybel gesien as 'n draai vanaf die negatiewe na die positiewe. Vanaf die sonde na die geloof en 'n lewe van vreugde as kind van die Here.

Maar die vraag is wie moet bekeer? Is dit net hulle wat afgedwaal het? Is dit net hulle wat nooit die Here geken het wat moet bekeer? In hierdie gelykenis oor die verlore seun moet ons baie mooi gaan besin oor watter seun eintlik die verlore seun is. Dit mag dalk skokkend klink maar dit is presies waarna ons in hierdie gedeelte moet kyk.

Hier het ons te doen met 'n vader en sy twee seuns. Die jongste van die twee kom en eis dat hy sy gedeelte van die erfporsie kry. Volgens Israelietiese wet kry hy een derde daarvan. Dit moes vir die vader moeilik gewees het want hy sou waarskynlik van sy vee moes verkoop om die seun se porsie te kan betaal.

Enkele dae daarna verlaat die seun die huis en gaan woon ver weg van sy mense. Nie te lank of hy het alles uitgegee en nie mooi met sy geld gewerk nie. Nou gebeur twee dinge, hy het nie meer geld nie en daar kom 'n droogte en hongersnood in die land waar hy woon. Hy gaan werk by 'n boer, waar hy varke moet oppas. Dit is 'n vernedering want Israeliete beskou varke as onrein diere. Daar kom hy agter dat die varke beter gevoer word as hy.

Hy besluit om terug te keer huis toe. Van ver af sien sy vader hom en hardloop hom tegemoet. Sy voorbereide toespraak gaan daaroor dat hy bereid is om vir sy vader te werk as een van sy huurlinge. Maar sy vader tree anders op. Hy verwelkom hom tuis soos die seun wat hy is. JA hy was verlore. Hy was weg van die huis, maar die vreugde is so groot dat hy mooi geklee word en die vetgemaakte kalf word geslag en daar word fees gevier.

Dit is hoe die Here wil dat dit in die lewe gaan. Mense wat afdwaal en weggaan van God se huis of selfs hulle wat nooit daar was nie, word met ope arms en feesviering verwelkom wanneer hulle tuis kom. Daar is rede vir vreugde en blydskap. Maar nie almal deel daardie blydskap nie.

Die oudste seun kom huis toe en hy sien wat aangaan. Hy konfronteer sy vader en vra waarom hierdie feesviering. Daar is geen blydskap oor sy broer wat tuisgekom het nie. Hy is eintlik verbitterd. Hy vra waarom daar nie vir hom 'n vetgemaakte kalf geslag is nie. Sy vader antwoord deur vir hom mooi duidelik te laat verstaan dat daar altyd 'n vetgemaakte kalf was. Dit was alles syne om te geniet soos hy dit wou.

Waarom het ons aan die begin gesê dat hierdie seun eintlik die verlore een was? Ons het dit gesê want hy het in die huis van sy vader gewoon maar nooit gebruik gemaak van dit wat tot sy

beskikking was nie. Hy werklik nie die vreugde wat hy in sy vaderhuis kon geniet gebruik nie. Hy het hom as ‘n huurling beskou en nie ‘n kind nie.

Ons moet besef dat ons kinders van God is deur die versoeningswerk van ons Here, Jesus Christus. Hy het ons kinders van God gemaak. Ons moet besef wat ‘n voorreg dit is om kind te wees. Ons harte moet gevul wees met vreugde en blydskap vir dit wat God vir ons gedoen het.

Jesus gebruik hierdie gelykenis om die Fariseërs en Skrifgeleerdes daarop te wys dat hulle wat eintlik die gelukkiges is om die Here te ken, die vreugde van hulle bevoorregte posisie te geniet. Net so ons. Ons moet die voorreg om ons posisie as kinders van God geniet.

Maar doen ons dit? Ons loop rond en is ongelukkig en sien ander se foute raak en kritiseer. En as ons ongelukkig is dan gaan soek ons ‘n ander werkgewer. Ons gaan soek ‘n ander kerk. Dan tree ons op as huurlinge van die Kerk en nie as seuns en dogters van ons Here Jesus Christus nie.

Daar is die verwagting dat ons wat so naby aan die Here leef ook moet bekeer. Ons moet daagliks bekeer van ons osnde en met vreugde die kindskap wat God ons skenk ten volle, elke dag geniet.

**Ds. Neville Boy**
**26 Maart 2017**